

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
29 April 1976

Onderwerp: Die wegraping

Lees: 1 Thessalonicense 4 verse 13 tot 18
Teks: 1 Thessalonicense 4 verse 16 en 17
1 Thessalonicense 3 vers 13
Sing: Gesang 65
Gesang 200

“Is daar so iets soos die wegraping van die gelowiges? Dat lewendes by die wederkoms lewend opgeneem gaan word? En wanneer gaan dit gebeur?

“Sommige, wat die Chiliaste insluit, sê dat Jesus Christus onverwags voor die groot verdrukking gaan kom en al sy heiliges en gelowiges van die aarde af gaan wegraap, oftewel wegruk. Daarvolgens sal net ongelowiges op die aarde agterbly om die vreeslike verdrukking onder aanvoering van die Antichris deur te maak. Nadat hierdie verdrukking sy verloop gehad het (wat volgens Bybelse profesië sewe jaar gaan duur) sal Jesus Christus weer op die wolke verskyn om ’n end te maak aan die Antichristelike magte. Volgens hierdie interpretasie sal Jesus Christus dan vergesel word van al die vroeëre weggeraapte gelowiges, wat dan saam met Hom vir ’n duisend jaar op aarde sal regeer. Hiervolgens sal ongelowiges en goddeloses eers ’n duisend jaar later opgewek word, waarna die oordeel sal plaasvind.

“Volgens hierdie beskouing is daar meer as een wederkoms. Die eerste is vir die gelowiges, wanneer Jesus Christus hulle voor die groot verdrukking van die aarde af sal wegruk, of wegraap. Die tweede wederkoms sal dan wees as Jesus Christus saam met hierdie weggeraapte gelowiges sal terugkeer om die aarde vir ’n duisend jaar te regeer.

“Verder sal daar volgens hierdie beskouing twee opstandings wees. Die eerste sal wees vir gelowiges om saam met Jesus Christus te wees. Die tweede opstanding ’n duisend jaar later aan die einde van die vredesryk sal vir ongelowiges wees.

“Daar is nie in die Skrif gronde hiervoor nie. Die Skrif leer tog alte duidelik dat daar net een wederkoms en algemene opstanding sal wees. Dit sal wees tot oordeel oor goeies en slegtes, oor lewendes en die wat reeds gesterf het. In die Bybel staan geskryf:

“Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.’ (Joh 5:28,29)

“En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.’ (Matt 24:30,31)

“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei.’ (Matt 25:31,32)

“Kyk, ek deel julle ’n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ’n oomblik, in ’n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.’ (1 Kor 15:51,52)

“Ook ons kerklike belydenisskrifte bevat niks van ’n wegraping van heiliges voor die groot verdrukking nie; óf dat hulle eers weggeneem en dan saam met Jesus Christus sal kom by sy wederkoms nie.

“Die twisplekke in die Skrif waarop die gedagte van ’n wegraping voor die groot verdrukking en ’n tweede wederkoms berus, is veral 1 Thessalonicense 4 verse 16 en 17 en 1 Thessalonicense 3 vers 13:

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.’ (1 Thes 4:16,17) Hier word alleen gepraat van die gelowiges wat reeds gesterf het en van die gelowiges wat by die wederkoms nog sal lewe. Hier word geen onderskeid gemaak tussen gelowiges en ongelowiges nie, asof die ongelowiges eers ’n duisend jaar later opgewek en geoordeel sal word nie. Hier word niks gesê van ongelowiges en hulle lot nie.

“Paulus handel hier net oor die gelowiges en wil duidelik maak dat die gestorwe heiliges by die wederkoms van Jesus Christus sal opstaan. Daarna sal die nog lewende gelowiges in ’n oomblik verander word en saam met hulle weggevoer word die Here tegemoet in die lug. Daarna sal hulle almal saam altyd by die Here wees en Jesus Christus se teenwoordigheid vir ewig geniet. Ons kan dus werklik nie uit hierdie verse aflei dat daar ’n eerste wederkoms is waarby Jesus Christus net sy gelowiges kom wegruk van die aarde af en dat Hy later weer kom om te regeer of te oordeel nie.

“Maar in 1 Thessalonicense 3 vers 13 word gepraat van: ‘die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges.’ Is hier dan nie sprake van heiliges wat saam met Jesus Christus sal kom by sy wederkoms nie? Dit is ’n onduidelike teks en kan alleen verklaar word in die lig van ander tekste:

“‘En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit’. (Matt 25:31)

“‘Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.’ (Mark 8:38)

“‘En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle.’ (Judas 14)

“Dit is duidelik dat hierdie heiliges betrekking het op Jesus Christus se heilige engele wat Hom sal vergesel.

“Ons aanvaar dus nie dat daar ’n wegraping van heiliges voor die eindtydse groot verdrukking sal wees nie en dat Jesus Christus later met hierdie heiliges sal terugkeer na die aarde nie. Ons glo aan een wederkoms, waar Jesus Christus sy gelowiges by Hom byeen sal bring en die goddeloses hulle ewige bestemming sal aanwys.

“Ons hoef dus nie te vrees dat daar ’n skielike wegraping sal wees en dat ons sal agterbly nie. Desnieteenstaande eis die wederkoms van Jesus Christus in elk geval gedurige waaksaamheid en bereidheid, omdat die Here gaan kom op ’n uur dat ons dit nie verwag nie en omdat niemand van die dag en uur weet nie. Dit sal kom soos ’n dief in die nag. Daarom moet ons wakker en waaksaam wees om die Bruidegom in te wag.

“Amen.”

Kommentaar:

Die lering van 'n wegraping voor die groot verdrukking word deur sommige bronne teruggevoer na die *Plymouth Brethren* in Engeland en Ierland in die vroeë negentiende eeu, onder leiding van John Nelson Darby (1800-1882). Dit het daarna posgevat in Amerikaanse evangelieprediking in veral Baptiste- en Pinksterkerke. Dit was nie histories deel van die ware Evangelie nie en is 'n latere toevoeging.

Hierdie lering raak nie Christene wat nie die eindtydse groot verdrukking gaan beleef nie. Daarenteen kan dit 'n saak van lewe of dood wees vir hulle wat wél die groot verdrukking gaan ervaar. Om dit te verduidelik, eers die volgende agtergrond ten opsigte van die groot verdrukking:

Christine Lagarde, voormalige Voorsitter van die *International Monetary Fund* en huidige President van die *European Central Bank* is tans besig om 'n kontantlose samelewing in Europa tot stand te bring. Leon de Winter waarsku in 'n artikel *De duivelse plannen van Christine Lagarde* in *De krant*, 'n maandblad vir Kanadese en Amerikaners van Nederlandse afkoms:

“Het fatale moment, het point of no return, is het moment waarop Christine erin slaagt cash te laten verdwijnen. Vanaf dat moment zijn we naakt voor de registratie en analyse van ons gedrag.”

“Er komt een moment, niet zo ver in de geschiedenis, ben ik bang, dat al die maatregelen die gevoed worden met goede bedoelingen het monster van de totalitaire staat voortbrengen.”

Hand aan hand hiermee is daar tans 'n georganiseerde veldtog om radio frekwensie identiteitskapsules (*RFID chips*) in mense in te plant. Dit word tussen die duim en wysvinger op mense se regterhande ingeplant. Dit sal identiteitsdokumente en onder andere die gebruik van kredietkaart vervang.

Dit geskied reeds sedert 2015 in Europa en spesifiek in Swede en België (*Swedish firm*, National Post); en vanaf 1 Augustus 2017 in die VSA toe die maatskappy, *Three Square Market*, veertig vrywillige werknemers laat

implanteer het. Die maatskappy se vise-president van internasionale ontwikkeling, Tony Danna, se kommentaar was soos aangehaal deur die BBC:

“It is really the same thing as the chip that is in your credit card.” (*Wisconsin company*, BBC)

USA TODAY het die oogmerk daarvan beskryf:

“The company would like to see payments go cashless.” (*Wisconsin workers*, USA TODAY)

In Openbaring 13 verse 16 en 17 is geskryf:

“En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ’n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of the naam van die dier of die getal van sy naam het.”

Die eindtydse groot verdrukking is nie meer ’n vae gebeurtenis êrens in die gerieflike verre toekoms nie. Dit is besig om voor ons oë in vervulling te gaan. Ons is die geslag wat hierdeur geraak gaan word.

Oorlewing

Volgens die Bybel sal daar gelowiges wees wat die groot verdrukking gaan oorleef. Die Antichristelike magte (*New Age* Beweging) gaan nie daarin slaag om die hele wêreld op een slag te beheer nie. Volgens profesie sal daar onontwikkelde dele van die wêreld wees, wat hulle nie sal beheer nie. Verder gaan die groot verdrukking volgens hierdie profesie net sewe jaar lank duur. Daar is dus hoop vir Christene.

Wat Suid-Afrika betref, is daar ’n moontlikheid dat die huidige chaos en anargie wat dié land tans teister, ’n bestiering van die HERE is. ’n Kontantvrye samelewing gebaseer op ’n sisteem wat alle transaksies registreer is nie haalbaar nie; en om *New Age* monitorsisteme te implimenteer wat alle individue naspoor, sal ’n onbegonne taak wees. Daar is dus ’n moontlikheid dat Christene die groot verdrukking daar en elders in Afrika sal kan oorleef.

Hierteenoor sal Christene in die ontwikkelde wêreld reëlings moet begin tref om te vlug, sodra *RFID chips* in mense ingeplant word en dit gebruik word om finansiële transaksies te maak. Hulle sal moet vlug terwyl hulle nog sonder ingeplante *chips* vliegtuigkaartjies kan koop en deur doeanes kan gaan. Dié wat te laat is, sal waarskynlik die volgende scenario beleef in die aanloop tot die groot verdrukking:

Niemand gaan kom om jou dood te maak nie. Jy gaan ook nie 'n dramatiese heroïese dood vir jou geloof sterf nie. Al wat gaan gebeur is dat jou bank 'n ingeplante *RFID chip* vir jou finansiële transaksies gaan vereis. Jy sal nie jou huishuur, huisverband of erfbelasting kan betaal nie. Sonder kontant sal jy geen kos, klere, brandstof, of enigiets anders kan koop nie. Jy gaan afstand doen van al jou bates; jou huis se deur toetrek en vir die laaste keer met jou kar ry na die naaste *homeless shelter*. En daar gaan jy moontlik aan 'n maklik behandelbare siekte sterf, omdat jy sonder 'n ingeplante *chip* nie toegang tot mediese dienste sal hê nie.

Maar hoekom sal jy nie vir jou 'n *RFID chip* laat implant nie? In Openbaring 14 verse 9 tot 13 is geskryf:

“As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie - hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar. En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf - salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe.”

Wat gaan jy maak as jou kind 'n urienweg-infeksie, of longontsteking kry? Gaan jy jou kind sonder mediese behandeling laat doodgaan? Of gaan jy vir jou kind 'n *chip* laat implant, mediese behandeling kry en 'n week later is jou kind gesond? Verder gaan ouers wie se kinders só sterf, tronkstraf kry omdat hulle essensiële mediese dienste van hulle kinders weerhou het. Kan jy jou die sielesmart voorstel wat hiermee gepaard sal

gaan? Verder sal kinders sonder ingeplante *chips* nie kan skoolgaan nie.

En vanuit die algemene ongelowige bevolking sal daar geen aggressie teenoor jou wees nie. Hulle sal net dink jy is van jou kop af, omdat jy oor die straat kan stap, 'n *chip* by enige tatoeëerbesigheid kan laat implant en 'n halfuur later jou normal lewe kan hervat.

En wat van die miljoene Christene wat gaan wag op 'n wegraping voor die groot verdrukking? Hulle gaan geen voorsorg tref nie en as dit nie gebeur nie, gaan hulle vasgevang wees in 'n dodelike lokval waaruit hulle nie sal kan ontvlug nie.

Maar daar sal steeds vir hulle hoop wees. Daar is spesifiek geskryf vir diegene wat in die eindtydse verdrukking sal sterf: '... salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe.' (Openb 14:13)

Die eindtydse verdrukking word aan Christene voorgehou asof dit 'n hopelose vooruitsig vir alle Christene gaan wees. Dit is nie noodwendig so nie. Daar gaan Christene wees wat dit gaan oorleef. In Openbaring 12 verse 13 tot 17 is geskryf:

“En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolgt wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuie van Jesus Christus hou.”

Die vrou wat hier beskryf word, verwys na die Kerk van Jesus Christus, waarvan Maria, wat Jesus Christus gebaar het, deel is. Die verwysing “'n tyd en tye en 'n halwe tyd” is 'n verwysing na die drie en 'n halwe jaar van die Antichris se verwoesting tydens die laaste deel van die eindtydse verdrukking, waarna hy deur God self vernietig sal word.

“Die slang het uit sy bek water soos ’n rivier agter die vrou aan uitgegooi” dui op ’n mensemassa wat Satan tot stand gaan bring in ’n poging om die Kerk van Jesus Christus op aarde te vernietig. Maar “die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het” dui daarop dat hulle gaan sterf en dat Satan nie in sy doel sal slaag nie.

Openbaring 3 verse 9 tot 11 is ’n brief aan die gemeente van Filadelfia, wat ’n profesie bevat wat betrekking het op “die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.” Daar was nog nie so ’n allesomvattende gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld nie en dit moet dus op die eindtydse verdrukking betrekking hê:

“Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat julle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.”

1 Thessalonicense 4 vers 17 beskryf Jesus Christus se wederkoms terwyl daar nog lewende gelowiges is:

“Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.”

Kyk ook na Jesaja 14 verse 3 tot 23 wat Satan en spesifiek die Antichris se uiteinde beskryf aan oorlewende gelowiges.

Die eindtydse groot verdrukking gaan nie alle Christene uitwis nie. Daar gaan Christene wees wat dit gaan oorleef.

P. S. Die inplantering van *RFID chips* word breedvoerig beskryf onder die subblad *Ingeplante microchips* op hierdie webwerf.

Bibliografie

Koerant

De Winter, Leon. "De duivelse plannen van Christine Lagarde." *De krant*. September 2019. Mokeham Publishing Inc. Canada: Oakville, Ontario; USA: Niagara Falls, New York.

Internet artikels

"Wisconsin company Three Square Market to microchip employees." *BBC*. July 24, 2017. <http://www.bbc.com/news/world-us-canada-40710051>

"Swedish firm 'body-hacks' employees with implanted microchips that work as swipe cards opening doors"
National Post
<http://nationalpost.com/news/world/cyborgs-at-work-employees-getting-implanted-with-microchips/wcm/c6be4d90-a956-4ed0-a243-a691e5927cc4>

"Wisconsin workers embedded with microchips." *USA TODAY*. August 1, 2017. <http://usat.ly/2wiBAXe>